Afrikaans Huistaal

Graad 11 Vraestel 1

MEMORANDUM

Cecilia Klopper

0828720039

Afdeling A: Leesbegrip

Vraag 1

Antwoorde: Teks A		
1.1	"Alhoewel ek Hartenbos vir die eerste keer besoek het toe ek al in my twintigerjare was [...]" "[V]akansie hou saam met ons ouers en kinders en nóú natuurlik saam met ons kleinkinders [...]" "[S]oos ons in ons jong dae was [...]" "My laaste belewenis van dié bootrit was 'n bietjie senutergend [...]"	1
1.2	Ja. "[E]n nóú natuurlik saam met ons kleinkinders [...]"	2
1.3	"beker-oorloop"-gedagtes. Dit pas by die konteks, want sy vertel van al die lekker dinge wat mens in en om Hartenbos kan beleef wat jou gelukkig laat voel.	2
1.4	Omdat die artikel sê dat die vakansie-oord vir werknemers van die Suid-Afrikaanse Spoorweë en Hawens met laer range – dus ook met laer salarisse – ontwikkel is.	1
1.5	Omdat sy graag haar herinneringe aan Hartenbos en omgewing wil deel, asook om inligting van die omgewing oor te dra.	2
1.6	Die Kaaimansrivier vloei in die vorm van die buitelyne van Afrika.	1
1.7	Nee, daar is net kleinerige inkopiesentrums.	1
1.8	"[S]oos ons in ons jong dae was."	1
1.9	Een van die volgende: gastehuise, huise, woonstelle, kampeerplek.	1
1.10	As jy graag diere wil besigtig.	1
1.11	Daar is lewensredders.	1
1.12	Nee, die branders was te hoog / die wind het hoë branders veroorsaak.	1
1.13	"nuutste toevoeging"	1
1.14	Die woord verwys daarna dat jy "ook" so hoog is as jy in die St. Blaize-vuurtoring opklim soos wanneer jy aan die kabelglybaan oor die see gly.	2
1.15	Om in Hartenbos te kampeer is seker die beste vakansie-ervaring wat jy ooit vir jou kinders kan gee. Mening.	1
1.16	Die Karaveel of die ou poskantoorskoen.	1
1.17	Genot waaraan jy kan uiting gee sonder om terug te hou.	1
1.18	"tuisvoel-hartsplek" Of "hartsplek"	1

Antwoorde: Teks B

1.19	duursaam	1
1.20	Mense wat daarvan hou om te kampeer.	1
1.21	Met die foto's en die groot, vetgedrukte skrif.	1
1.22	Topgehalte / duursaam / betroubaar.	1
1.23	"één standaard"	1

Antwoorde: Teks A en teks B

1.24	Teks A is 'n geskrewe tydskrifartikel en teks B is 'n visuele teks (advertensie).	1
1.25	kampeer	1
1.26	Albei handel oor vakansie hou.	1

Totaal Afdeling A: 30

Afdeling B: Opsomming

Vraag 2

Nasienriglyne
Indien jy in die wildernis wil gaan toer, neem 'n sterk tent saam. Neem jou rybewys, kredietkaart en siekefondskaart saam, asook jou voertuig en slaapwa se dokumentasie. Neem dubbeld die begrote bedrag geld saam. 'n Bandherstelstel, 'n sleeptou, oorleikabels, petrolpype, smeltdrade, handskoene, 'n banddrukmeter, wielskuim, 'n glimbaadjie en ekstra onderdele vir jou voertuig moet beslis saamgeneem word. Pak jou noodhulpsak en 'n botteltjie Dettol in vir sanitasie. Jy mag ook blikkieskos, rys en pasta saamneem. Laastens, huur 'n satellietfoon en neem 'n GPS-toestel saam, maar hou ook 'n papierkaart byderhand. [90]

Totaal Afdeling B: 10

Afdeling C: Taalstrukture en -konvensies

Vraag 3: Advertensie

Antwoorde: Teks D

3.1	Om die woord te beklemtoon.	1
3.2	wildtuin	1
3.3	Na die dubbelpunt word alles wat die oord bied, genoem.	1
3.4	Die sin is onvoltooid; die leser kan dink wat hy kan ontdek.	1
3.5	Jy moet self kos maak.	2
3.6	Afskuwelike / lelike	1
3.7	Dit staan by alle besighede se internetadresse.	1
3.8	voorsetsel	1
3.9	Dit wat jy nie verwag nie, moet ontdek word.	1
		(10)

Vraag 4: Strokiesprent
Antwoorde: Teks E

4.1	Op ‘n plaas of ‘n plot. Daar is ‘n gronddam met eende. Daar is gras en berge in die agtergrond.	1
4.2	Waar. Die seuns lyk opgewonde, hulle lag en buig belangstellend vooroor. Hulle gesigsuitdrukkings lyk gelukkig en bly/opgewonde.	2
4.3	Gauta se lyftaal en **gesigsuitdrukking** wys dat hy baie bang en angstig is. Sy oë lyk groot en hy het ‘n bang uitdrukking in sy oë.	2
4.4	**Kies die korrekte antwoord.** “Eish” in raampie 3 is ‘n voorbeeld van: A Jargon B Slang C Eiegoed D Nuutskepping	1
4.5	Eie antwoord. Hulle het maar water getrap en by die wal uitgeklim.	1
4.6	Ons gaan nie weg vir die vakansie nie.	1
4.7	Ja. “...geen bote meer nie.”	1
4.8	Om te wys dat die seuns skree en bang is. Dit is uitroepe.	1
		[10]

Vraag 5: Tydskrifartikel

Antwoorde: Teks F

5.1	Lekker / smaaklike	1
5.2	verrassing	1
5.3	twaalf	1
5.4	t.	1
5.5	Ek is **lid** van die gimnasium.	1
5.6	voltooide deelwoord	1
5.7	openinkie	1
5.8	Moenie die opening met ’n peuselstokkie of twee toesteek nie.	1
5.9	Kwartier	1
5.10	Die vlerkies moet met ’n bietjie soetrissiesous verglans word en nog ’n paar minute gebraai word.	1
		[10]

Totaal Afdeling C: 30
Groottotaal: 70